

# Profiel van 'n Soutpansberg-boer

Hier sit ons in 'n alleenplek. Die skoon lug brand jou bors en jy wéét – dit is hÍér waar jy wil woon. Moenie 'n fout maak nie, dit is 'n harde wêreld díe – hierdie wêreld van 'n boer. Maar, die boere is hier om te bly, en hulle boer want dit is lekker.

## Elsje Kleynhans

SUBTROP

In die oggend word jy wakker vóór die duiwe begin koer. Jy laat die reuk van grond in jou rooi-geklekte handpalms jou oorweldig. Jy wéét, en pas dit toe. Jy wil, en doen dit. Die boere het goeie harte. Maar, kom ons wees eerlik: niemand sou die barmhartige samaritaan

onthou het as hy nét goeie bedoelings gehad het nie. Nee, hy het ook geld nodig gehad om onthou te word. Hier vra jy nie vir 'n verband as jy jou eie keel afgesny het nie. Harde woorde spreek werklikheid. En, hier swem jy. Jy sink nie. Jy lag as die aarde juig, en jy leer om jou knieë te buig. Ja, geloof is ons stapelvoedsel. Nie soos koek op 'n spesiale geleentheid nie. Hier is jy 'n dissipel vir Christus, en net wanneer dit nodig is, gebruik jy woorde. Soos Carel.

Carel is 'n voorbeeld van 'n Soutpansberg-boer. 'n Betrokke boer. Hy toer, lag, doen, dien, baklei en bekommer saam. Hy is 'n toergids wanneer die skool of die kerk 4x4-dag hou. Hy sê "die kite vlieg!" as 'n ding werk, en wanneer hy vra "is jy gewax?" het dit niks met warm olie en plakpapier uit te waai nie. Carel het sy liefde vir boer in Pontdrif ontwikkel. Na sy diensplig het hy met appels geboer en toe teruggekom Bosveld toe. "Voortstrewend" is

die woord wat hy gebruik toe ek hom vra oor sy doelwit op die plaas. Ja, Carel ken groot woorde ook.

Hy is trots op sy werk en beskou boerdery as 'n wins. Hy beoog om elke jaar beter te boer en het reeds ses keer die toekenning vir die beste makadamia-uitkraaksyfers by 'n fabriek behaal. Carel boer reeds agt jaar met makadamias. Hy kan 'n storie vertel soos g'n ander mens nie. Hy kan vertel van die goeie ou dae, toe dit so swaar gegaan het. Dae toe ponde rande geword en ons skuld verdubbel het, of toe ponde kilogramme geword en ons oeste gehalveer het. Duime het millimeters geword en ons land het droër geraak. Temperature is in Celsius gemeet en ons groente het stadiger gegroei. Morge het hektare geword en toe is ons plase meer as die helfte kleiner ... en myle het kilometers geword. Nou bly ons vêr weg van alles af. Dit is 'n lekker plek die. Hierdie alleenplek van 'n boer. **ST**

